STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PRYS 10c PRICE
OORSEE 15c OVERSEAS
POSVRY—POST FREE

Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 50] PRETORIA, 15 AUGUSTUS / 15 AUGUST 1969 [No. 2503

AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA LTD
RECEIVED
1969
LIBRARY

PROKLAMASIES

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 216, 1969

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE MAWEWE-STAM ONDER KAPTEIN S. MKATSHWA, IN DIE DISTRIK BARBERTON—HERROEPING VAN PROKLAMASIE 99 VAN 1960

Nademaal die Mawewe-stam onder kaptein S. Mkatshwa, in die distrik Barberton, vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir die oprigting van skole en vir die bestuur en beheer van die sake van die stam;

En nademaal die belastingbetalers van die genoemde stam vrywillig aansoek gedoen het dat die spesiale belasting van hulle gehef kragtens Proklamasie 99 van 1960, met ingang van 1 Januarie 1969 herroep word;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(a) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam sodanige heffing verlang;

(b) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

(c) oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam die herroeping van die gemelde spesiale belasting verlang; en

(d) sodanige herroeping goedkeur;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (1) van die Bantoe Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet 41 van 1925), hierby soos volg verklaar: —

(1) 'n Spesiale belasting van R1 per jaar vir die jare 1969 tot en met 1973 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1969 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan ten opsigte van die jaar 1969 en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

1—43300

PROCLAMATIONS

by the State President of the Republic of South Africa

No. 216, 1969

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE MAWEWE TRIBE UNDER CHIEF S. MKATSHWA, IN THE BARBERTON DISTRICT—REPEAL OF PROCLAMATION 99 OF 1960

Whereas the Mawewe Tribe under Chief S. Mkatshwa, in Barberton District, has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds for the erection of schools and for the management and control of the affairs of the tribe;

And whereas the taxpayers of the said tribe voluntarily made application that the special rate levied on them in terms of Proclamation 99 of 1960 be repealed with effect from 1 January 1969;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(a) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such levy;

(b) approves the purpose for which it is to be imposed;

(c) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires the repeal of the said special rate; and

(d) approves such repeal;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 15 (1) of the Bantu Taxation and Development Act, 1925 (Act 41 of 1925), I do hereby declare as follows: —

(1) A special rate of R1 per annum for the years 1969 to 1973, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1969 and shall become due and payable on the date of publication hereof in respect of the year 1969 and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

1—2503

(3) Proklamasie 99 van 1960 word met ingang van 1 Januarie 1969 herroep; met dien verstande dat ondanks sodanige herroeping enige bedrag wat ingevolge genoemde Proklamasie betaalbaar was en wat op 31 Desember 1968 uitstaande was geag word invorderbaar en betaalbaar te wees.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Durban, op hede die Dertigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. C. BOTHA. Lêer F53/1038/7

No. 217, 1969

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE NGONO-STAM ONDER KAPTEIN ANDREAS KHANYILE, IN DIE DISTRIK NKANDLA

Nademaal die Ngono-stam onder kaptein Andreas Khanyile, in die distrik Nkandla, vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir die instandhouding van skole en vir die bestuur en beheer van die sake van die stam;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(a) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belasting betalers van genoemde stam sodanige heffing verlang; en

(b) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (1) van die Bantoe Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet 41 van 1925), hierby soos volg verklaar: —

(1) 'n Spesiale belasting van R0.50 per jaar vir die jare 1969 tot en met 1973 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1969 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan ten opsigte van die jaar 1969 en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Durban, op hede die Dertigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. C. BOTHA. Lêer F53/1466/1

No. 218, 1969

VERKLARING VAN 'N GROEPSGEBIED INGEVOLGE DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1966, TE UGIE, DISTRIK MACLEAR, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 23 van die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet 36 van 1966), verklaar ek hierby dat die gebied omskryf in die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie hiervan 'n gebied is vir okkupasie en grondbesit deur lede van die Blanke groep.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Durban, op hede die Een-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ, Staaspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

C. DE WET.

(3) Proclamation 99 of 1960 is hereby repealed with effect from 1 January 1969; provided that notwithstanding such repeal, any amount outstanding on 31 December 1968, in terms of the said Proclamation shall remain collectable and payable.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Durban on this Thirtieth day of July, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

J. J. FOUCHÉ, State President

By Order of the State President-in-Council.

M. C. BOTHA. File F53/1038/7

No. 217, 1969

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE NGONO TRIBE UNDER CHIEF ANDREAS KHANYILE, IN THE NKANDLA DISTRICT

Whereas the Ngono Tribe under Chief Andreas Khanyile, in the Nkandla District, has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds for the maintenance of schools, and for the management and control of the affairs of the tribe;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(a) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such levy; and

(b) approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 15 (1) of the Bantu Taxation and Development Act, 1925 (Act 41 of 1925), I do hereby declare as follows: —

(1) A special rate of R0.50 per annum for the years 1969 to 1973, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1969 and shall become due and payable on the date of publication hereof in respect of the year 1969 and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Durban on this Thirtieth day of July, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. C. BOTHA. File F53/1466/1

No. 218, 1969

DECLARATIOIN OF A GROUP AREA IN TERMS OF THE GROUP AREAS ACT, 1966, AT UGIE, DISTRICT OF MACLEAR, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under the powers vested in me by section 23 of the Group Areas Act, 1966 (Act 36 of 1966), I hereby declare that the area defined in the Schedule hereto shall, as from the date of publication hereof, be an area for occupation and ownership by members of the White group.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Durban on this Twenty-first day of July, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council.

C. DE WET.

BYLAE

Blanke Groep

Begin by die noordelike baken van Erf 273, Ugie; daarvandaan suidooswaarts langs die grense van die volgende erwe sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Erf 273, Erf 272, oor die straat en Erf 269 tot by die oostelike baken van laasgenoemde erf; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die westelike baken van Erf 260; daarvandaan noordooswaarts langs die noordwestelike grens van genoemde Erf 260 en die verlenging daarvan tot by die punt waar dit die middel van die Wildebeesterivier kruis; daarvandaan algemeen suidooswaarts langs die middel van genoemde Wildebeesterivier tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging noordooswaarts van die suidoostelike grens van Erf 211; daarvandaan suidweswaarts langs genoemde verlenging en die grense van die volgende erwe sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Erf 211, Erf 210, oor Pleinstraat, Erwe 323 en 322 en oor die Umga-pad tot by die noordoostelike grens van Erf 224; daarvandaan suidooswaarts langs die grense van die volgende erwe sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Erf 224, oor Bergstraat, Erwe 316 en 307, oor Nassaustraat, Erwe 303 en 294 en die verlenging suidweswaarts van die suidoostelike grens van laasgenoemde erf tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging suidooswaarts van die suidwestelike grens van Erf 379; daarvandaan noordweswaarts langs laasgenoemde verlenging en die grense van die volgende erwe sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: Genoemde Erf 379, oor Kerkstraat en Erf 383 tot by die noordelikste baken van laasgenoemde erf; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die westelike banken van Erf 388; daarvandaan noordooswaarts langs die suidoostekant van Hoofstraat tot by die westelike baken van Erf 414; daarvandaan noordweswaarts in 'n reguit lyn tot by die westelike baken van Erf 506; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordelike baken van Erf 514; daarvandaan noordooswaarts langs die noordwestelike grens van Erf 515 tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging suidooswaarts van die suidwestelike grens van Erf 523; daarvandaan noordweswaarts langs genoemde verlenging en die suidwestelike grens van genoemde Erf 523 en die verlnging daarvan tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging suidweswaarts van die noordwestelike grens van genoemde Erf 273; daarvandaan noordooswaarts langs genoemde verlenging en die noordwestelike grens van genoemde Erf 273 tot by ersgenoemde baken.

No. 219, 1969

TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WET OP GEMEENSKAPSONTWIKKELING, 1966, TE UGIE, DISTRIK MACLEAR, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens die bevoegdhede my verleen by artikel *een-en-vyftig* van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), verklaar ek hierby dat die bepalings van artikels *sestien* tot en met *drie-en-twintig*, *nege-en-twintig* tot en met *sewe-en-dertig* en *sewe-en-veertig* van genoemde Wet vanaf die datum van publikasie hiervan, van toepassing is in die gebied in die Bylae hiervan.

Gegee onder my Hand en Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Durban op hede die Een-en-twintigste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

B. COETZEE.

SCHEDULE

White Group

Beginning at the northern beacon of Erf 273, Ugie; thence south-eastwards along the boundaries of the following erven so as to include them in this area: The said Erf 273, Erf 272, across the street and Erf 269 to the eastern beacon of the last-mentioned erf; thence north-eastwards in a straight line to the western beacon of Erf 260; thence north-eastwards along the north-western boundary of the said Erf 260 and the prolongation thereof to the point where it intersects the middle if the Wildebeeste River; thence generally south-eastwards along the middle of the said Wildebeeste River to the point where it is intersected by the prolongation north-eastwards of the south-eastern boundary of Erf 211; thence south-westwards along the said prolongation and the boundaries of the following erven so as to include them in this area: The said Erf 211, Erf 210, across Plein Street, Erven 323 and 322 and across the Umga Road to the north-eastern boundary of Erf 224; thence south-eastwards along the boundaries of the following erven so as to include them in this area: The said Erf 224, across Berg Street, Erven 316 and 307, across Nassau Street, Erven 303 and 294 and the prolongation south-westwards of the south-eastern boundary of the last-mentioned erf to the point where it is intersected by the prolongation south-eastwards of the south-western boundary of Erf 379; thence north-westwards along the last-mentioned prolongation and the boundaries of the following erven so as to include them in this area: The said Erf 379, across Church Street and Erf 383 to the northernmost beacon of the last-mentioned erf; thence north-eastwards in a straight line to the western beacon of Erf 388; thence north-eastwards along the south-eastern side of Main Street to the western beacon of Erf 414; thence north-westwards in a straight line to the western beacon of Erf 506; thence north-eastwards in a straight line to the northern beacon of Erf 514; thence north-eastwards along the north-western boundary of Erf 515 to the point where it is intersected by the prolongation south-eastwards of the south-western boundary of Erf 523; thence north-westwards along the said prolongation and the south-western boundary of the said Erf 523 and the prolongation thereof to the point where it is intersected by the prolongation south-westwards of the north-western boundary of the said Erf 273; thence north-eastwards along the said prolongation and the north-western boundary of the said Erf 273 to the beacon first named.

No. 219, 1969

APPLICATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE COMMUNITY DEVELOPMENT ACT, 1966, AT UGIE, DISTRICT OF MACLEAR, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under the powers vested in me by section *fifty-one* of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), I hereby declare that the provisions of sections *sixteen* to *twenty-three*, inclusive, *twenty-nine* to *thirty-seven*, inclusive, and *forty-seven* of the said Act shall, as from the date of publication hereof, apply in the area defined in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Durban on this Twenty first day of July One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council.

B. COETZEE.

BYLAE

BLANKE GROEP

Begin by die noordelike baken van Erf 273, Ugie; daarvandaan suidooswaarts langs die grense van die volgende erwe sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: genoemde Erf 273, Erf 272, oor die straat en Erf 269 tot by die oostelike baken van laasgenoemde erf; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die westelike baken van Erf 260; daarvandaan noordooswaarts langs die noordwestelike grens van genoemde Erf 260 en die verlenging daarvan tot by die punt waar dit die middel van die Wildebeesterivier kruis; daarvandaan algemeen suidooswaarts langs die middel van genoemde Wildebeesterivier tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging noordooswaarts van die suidoostelike grens van Erf 211; daarvandaan suidweswaarts langs genoemde verlenging en die grense van die volgende erwe sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: genoemde Erf 211, Erf 210, oor Pleinstraat, Erwe 323 en 322 en oor die Umgapad tot by die noordoostelike grens van Erf 224; daarvandaan suidooswaarts langs die grense van die volgende erwe sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: genoemde Erf 224, oor Bergstraat, Erwe 316 en 307, oor Nassaustraat, Erwe 303 en 294 en die verlenging suidweswaarts van die suidoostelike grens van laasgenoemde erf tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging suidooswaarts van die suidwestelike grens van Erf 379; daarvandaan noordweswaarts langs laasgenoemde verlenging en die grense van die volgende erwe sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word: genoemde Erf 379, oor Kerkstraat en Erf 383 tot by die noordelikste baken van laasgenoemde erf; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die westelike baken van Erf 388; daarvandaan noordooswaarts langs die suidoostekant van Hoofstraat tot by die westelike baken van Erf 414; daarvandaan noordweswaarts in 'n reguit lyn tot by die westelike baken van Erf 506; daarvandaan noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordelike baken van Erf 514; daarvandaan noordooswaarts langs die noordwestelike grens van Erf 515 tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging suidooswaarts van die suidwestelike grens van Erf 523; daarvandaan noordweswaarts langs genoemde verlenging en d suidwestelike grens van genoemde Erf 523 en die verlenging daarvan tot by die punt waar dit gekruis word deur die verlenging suidweswaarts van die noordwestelike grens van genoemde Erf 273; daarvandaan noordooswaarts langs genoemde verlenging en die noordwestelike grens van genoemde Erf 273 tot by eersgenoemde baken.

SCHEDULE

WHITE GROUP

Beginning at the northern beacon of Erf 273, Ugie; thence south-eastwards along the boundaries of the following erven so as to include them in this area: the said Erf 273, Erf 272, across the street and Erf 269 to the eastern beacon of the last-mentioned erf; thence north-eastwards in a straight line to the western beacon of Erf 260; thence north-eastwards along the north-western boundary of the said Erf 260 and the prolongation thereof to the point where it intersects the middle of the Wildebeeste River; thence generally south-eastwards along the middle of the said Wildebeeste River to the point where it is intersected by the prolongation north-eastwards of the south-eastern boundary of Erf 211; thence south-westwards along the said prolongation and the boundaries of the following erven so as to include them in this area: the said Erf 211, Erf 210, across Plein Street, Erven 323 and 322 and across the Umga Road to the north-eastern boundary of Erf 224; thence south-eastwards along the boundaries of the following erven so as to include them in this area: the said Erf 224, across Berg Street, Erven 316 and 307, across Nassau Street, Erven 303 and 294 and the prolongation south-westwards of the south-eastern boundary of the last-mentioned erf to the point where it is intersected by the prolongation south-eastwards of the south-western boundary of Erf 379; thence north-westwards along the last-mentioned prolongation and the boundaries of the following erven so as to include them in this area: the said Erf 379, across Church Street and Erf 383 to the northernmost beacon of the last-mentioned erf; thence north-eastwards in a straight line to the western beacon of Erf 388; thence north-eastwards along the south-eastern side of Main Street to the western beacon of Erf 414; thence north-westwards in a straight line to the western beacon of Erf 506; thence north-eastwards in a straight line to the northern beacon of Erf 514; thence north-eastwards along the north-western boundary of Erf 515 to the point where it is intersected by the prolongation south-eastwards of the south-western boundary of Erf 523; thence north-westwards along the said prolongation and the south-western boundary of the said Erf 523 and the prolongation thereof to the point wheer it is intersected by the prolongation south-westwards of the north-western boundary of the said Erf 273; thence north-eastwards along the said prolongation and the north-western boundary of the said Erf 273 to the beacon first named.

No. 225, 1969

VERKLARING VAN DIE STANDPLAAS SENDEDZANE 200 M.T. IN DIE DISTRIK LOUIS TRICHARDT TOT 'N BANTOELOKASIE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 19 van die Bantoe Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet 41 van 1925), ten opsigte van die omskrywing van "Bantoe lokasie" daarin vervat, verklaar ek hierby dat die stamplaas Sendedzane 200 M.T. vir die doeleindes van genoemde Wet 'n Bantoelokasie is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Eerste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. C. BOTHA.

No. 225, 1969

DECLARATION OF THE TRIBAL FARM SENDEDZANE 200 M.T. IN THE LOUIS TRICHARDT DISTRICT AS BANTU LOCATION

Under and by virtue of the powers vested in me by section 19 of the Bantu Taxation and Development Act, 1925 (Act 41 of 1925), in respect of the definition of "Bantu Location" contained therein, I do hereby declare the Tribal Farm Sendedzane 200 M.T. hereto shall be a Bantu Location for the purpose of the said Act.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this First day of August, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. C. BOTHA.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. 3072 15 Augustus 1969

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941, SOOS GEWYSIG

ONAFGEBROKE WERK

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby kragtens die eerste voorbehoudsbepaling van artikel 19 (1) (a) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, soos gewysig, dat die vervaardiging van superfosfaat en ander bemestingstowwe soos uitgevoer deur Optichem Fertilizers (Pty) Ltd, te Sasolburg, in die landdrosdistrik Sasolburg, 'n bedrywigheid is waarin onafgebroke werk deur middel van drie skofte per dag nodig is.

Die Maatskappy moet die voorwaardes genoem in die Bylae tot hierdie kennisgewing nakom ten opsigte van werknemers wat sodanige skofte werk.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

BYLAE

(a) 'n Skof moet, met die uitsluiting van oortyd, hoogstens agt uur duur.

(b) Daar mag nie van 'n werknemer vereis word of hy mag nie toegelaat word om meer as ses skofte per week te werk nie; met dien verstande dat 'n werkgewer kan vereis of toelaat dat sy werknemer in 'n bepaalde week gedurende enige tydperk van drie agtereenvolgende weke hoogstens sewe skofte werk op voorwaarde dat skofte wat deur enige werknemer gewerk word, gewoonlik deur minstens agt uur onderbreek word; en voorts met dien verstande dat 'n werknemer se gewone werkure gedurende enige sodanige tydperk van drie agtereenvolgende weke nie 144 uur te bowe gaan nie.

(c) Behoudens die bepalings van paragraaf (b), moet 'n werkgewer aan elkeen van sy werknemers weekliks 'n vry tydperk van minstens 24 agtereenvolgende ure toestaan, en waar sodanige vry tydperk aan die einde van 'n week val en onmiddellik gevolg word deur 'n verdere weeklikse vry tydperk ten opsigte van die daaropvolgende week, moet sodanige twee tydperke altesaam minstens 48 agtereenvolgende ure beloop; met dien verstande dat die hele tweede vry tydperk van 24 uur geag word ten opsigte van die daaropvolgende week toegestaan te gewees het.

(d) As daar in enige week 48 uur gewerk word, moet 'n werknemer vir twee uur teen minstens een en eenderde maal sy gewone loon besoldig word; met dien verstande dat as die gewone werkure gedurende 'n skofsiklus van hoogstens vier weke nie meer as 40 uur per week gedurende drie weke in daardie siklus en nie meer as 48 uur gedurende een week is nie, geen addisionele besoldiging vir die twee uur betaal hoef te word nie.

(e) As 'n skof wat gewerk word, of 'n deel daarvan, op 'n Sondag val, moet 'n werknemer, behoudens die bepalings van paragraaf (f) minstens een en 'n halfmaal sy gewone besoldiging ten opsigte van die hele tydperk wat hy op sodanige Sondag gewerk het, betaal word.

(f) As daar van 'n werknemer vereis word of hy toegelaat word om gedurende sy weeklikse vry tydperk te werk, moet hy minstens twee maal sy gewone besoldiging ten opsigte van die tyd wat hy gedurende sodanige tydperk gewerk het, betaal word; met dien verstande dat hy minstens twee maal sy gewone besoldiging wat betaalbaar is ten opsigte van 'n skof wat hy gewoonlik op 'n weekdag

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF LABOUR

No. 3072 15 August 1969

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941, AS AMENDED

CONTINUOUS WORKING

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, in terms of the first proviso to section 19 (1) (a) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, as amended, hereby declare the manufacture of superphosphate and other fertilizers as carried out by Optichem Fertilizers (Pty) Ltd, at Sasolburg, in the Magisterial District of Sasolburg, an activity in which continuous working by means of three shifts per day is necessary.

The Company shall in respect of the employees engaged on such shifts observe the conditions mentioned in the Schedule hereto.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

SCHEDULE

(a) A shift shall consist of not more than eight hours, excluding overtime.

(b) An employee shall not be required or permitted to work more than six shifts per week; provided that an employer may require or permit his employee to work not more than seven shifts in any one week during any period of three consecutive weeks on condition that shifts worked by any employee shall normally be interrupted by not less than eight hours; and provided further that the ordinary hours of work of an employee shall not exceed 144 hours during any such period of three consecutive weeks.

(c) Save as is provided in paragraph (b) an employer shall grant to each of his employees a weekly free period of not less than 24 consecutive hours and where such free period falls at the end of a week and is followed immediately by a further weekly free period in respect of the following week, such two periods shall together be not less than 48 consecutive hours; provided that the whole of the second free period of 24 hours shall be deemed to have been granted in respect of the ensuing week.

(d) Should 48 hours be worked in any week, two hours shall be paid for at the rate of not less than one and one-third times the employee's ordinary rate of remuneration; provided that if the ordinary hours of work during a shift cycle of not more than four weeks do not exceed 40 hours per week during three weeks in that cycle and 48 hours during one week, no additional payment for the two hours need be made.

(e) Should any of the shifts worked, or part thereof, fall on a Sunday, an employee shall subject to the provisions of paragraph (f), be paid not less than one and one-half times his ordinary remuneration in respect of the total period worked by him on such Sunday.

(f) Should an employee be required or permitted to work during his weekly free period, he shall be paid not less than double his ordinary remuneration in respect of the time worked during such period; provided that he shall be paid not less than double his ordinary remuneration payable in respect of a shift ordinarily worked by him

werk, betaal moet word; en voorts met dien verstande dat, ten opsigte van enige tyd wat hy werk gedurende dié weeklikse vry tydperk van hom wat op 'n Sondag of 'n openbare feesdag genoem in artikel *twintig* (3) van die Wet, val, besoldiging slegs ooreenkomstig hierdie voorwaarde betaal hoef te word.

(g) Vir die doel van hierdie kennisgewing hoef geen oortyd bo en behalwe die spesiale besoldiging wat in paragrawe (e) en (f) voorgeskryf word, aan 'n werknemer betaal te word nie vir werk wat hy op 'n Sondag of gedurende sy weeklikse vry tydperk verrig.

(h) Voor die aanvang van elke skofsiklus moet 'n werkgewer op 'n opvallende plek in sy perseel 'n kennisgewing of rooster opplak waarin die skofte wat elke werknemer gedurende die daaropvolgende skofsiklus sal moet werk en die vry tydperk van elke werknemer gemeld word. As geen sodanige rooster of kennisgewing vertoon word nie, word die vry tydperk van 'n werknemer geag te begin om middernag op Saterdag. Bogenoemde rooster of kennisgewing moet vir 'n tydperk van drie jaar na die datum wat op sodanige stuk voorkom, deur die werkgewer bewaar word en moet op versoek van 'n inspekteur te eniger tyd vir insae beskikbaar gestel word.

(i) Werknemers moet toegelaat word om maaltye of verversings gedurende hul werkure te nuttig, tensy hulle uit hoofde van 'n kennisgewing wat ingevolge artikel *sewe-en-twintig* van die Wet afgekondig is, belet word om dit te doen.

No. 3124 15 Augustus 1969

LOONWET, 1957

LOONVASSTELLING 301.—NYWERHEID VIR DIE VERVAARDIGING VAN BLIKKIESMELK EN ANDER MELKPRODUKTE, SEKERE GEBIEDE.—UITBREIDING VAN DIE BEPALINGS DAARVAN TOT DIE LANDDROSDISTRIKTE BETHLEHEM, BLOEMFONTEIN, FRANKFORT, SENEKAL, RIVERSDAL, POTGIETERSRUS EN PRETORIA

In opdrag van die Minister van Arbeid word hierby, kragtens artikel 17 (4) saamgelees met artikels 15 (6) en 13 (1) (a) van die Loonwet, 1957, bekendgemaak dat die Minister voornemens is om al die bepalings van Loonvasstelling 301 vir die Nywerheid vir die Vervaardiging van Blikkiesmelk en Ander Melkprodukte, Sekere Gebiede, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1552 van 30 Augustus 1968, tot bogemelde gebiede uit te brei soos aanbeveel deur die Loonraad op die wyse in die Bylae hierby aangetoon.

Alle persone wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak mag word, word hierby versoek om, as hulle besware teen die uitbreiding van die bepalings van genoemde Loonvasstelling het, sodanige besware binne 30 dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Privaatsak 117, Pretoria, in te dien.

Opmerking.—Die Loonraadverslag wat op hierdie aanbeveling betrekking het is beskikbaar vir insae by die kantore van die Afdelingsinspekteurs, Departement van Arbeid, Johannesburg, Pretoria, Kaapstad, Durban, Port Elizabeth, Oos-Londen, Bloemfontein, Kimberley en George. Persone wat besware in 'n ander vorm as in manuskrip indien, word versoek om sewe afskrifte van hul besware en sewe afskrifte van alle bygaande dokumente te verstrek.

on a week-day; provided further that in respect of any time worked during the weekly free period which falls on a Sunday or public holiday referred to in section *twenty* (3) of the Act, payment need only be made in terms of this condition.

(g) For the purposes of this notice work performed on a Sunday or during an employee's weekly free period shall not attract payment for overtime over and above the special remuneration prescribed in paragraphs (e) and (f).

(h) An employer shall prior to the commencement of each shift cycle display prominently on his premises a notice or time-table indicating the shifts which each employee will be required to work during the ensuing shift cycle and the free period of each employee. If no such notice or time-table is displayed the free period of an employee shall be deemed to commence at midnight on Saturday. The time-table or notice referred to above shall be retained by the employer for a period of three years subsequent to the date appearing on such record and shall on demand by an inspector be made available for inspection at any time.

(i) Employees shall be permitted to partake of meals or refreshments during working hours unless prohibited from doing so by virtue of any notice published in terms of section *twenty-seven* of the Act.

No. 3124 15 August 1969

WAGE ACT, 1957

WAGE DETERMINATION 301: CONDENSED MILK AND OTHER MILK PRODUCTS INDUSTRY, CERTAIN AREAS.—EXTENSION OF THE PROVISIONS THEREOF TO THE MAGISTERIAL DISTRICTS OF BETHLEHEM, BLOEMFONTEIN, FRANKFORT, SENEKAL, RIVERSDALE, POTGIETERSRUS AND PRETORIA

By direction of the Minister of Labour it is hereby notified in terms of section 17 (4) read with sections 15 (6) and 13 (1) (a) of the Wage Act, 1957, that the Minister intends to extend all the provisions of Wage Determination 301 for the Condensed Milk and Other Milk Products Industry, Certain Areas, published under Government Notice R. 1552 of 30 August 1968, to the above-mentioned areas on the basis recommended by the Wage Board as indicated in the Schedule hereto.

All persons whose interests may be affected directly or indirectly, are hereby invited, if they have any objections to the extension of the provisions of the said Wage Determination, to lodge such objections, in writing, with the Secretary for Labour, Private Bag 117, Pretoria, within 30 days after publication of this notice.

Note.—The report of the Wage Board pertaining to this recommendation is available for inspection at the offices of the Divisional Inspectors, Department of Labour, Johannesburg, Pretoria, Cape Town, Durban, Port Elizabeth, East London, Bloemfontein, Kimberley and George. Persons wishing to lodge objections other than in manuscript form are requested to furnish seven copies of their objections and seven copies of any accompanying documents.

BYLAE

Loonvasstelling 301 vir die Nywerheid vir die Vervaardiging van Blikkiesmelk en Ander Melkprodukte, Sekere Gebiede, word hierby soos volg gewysig:—

IN DIE AFRIKAANSE TEKS

1. Deur in klousule 1—

(a) die woord "Riversdal" na die woord "landdrosdistrikte" onder Kaapprovinsie in te voeg;

(b) die woorde "Bethlehem, Bloemfontein, Frankfort, Senekal," na die woord "landdrosdistrikte" onder "Oranje-Vrystaat" in te voeg; en

(c) die woorde "Potgietersrus, Pretoria," na die woord "landdrosdistrikte" onder "Transvaal" in te voeg.

2. Deur in klousule 2 (a)—

(a) die woord "Bethlehem," na die woord "landdrosdistrikte" in die woordomskrywing van "distrik A" in te voeg;

(b) die woorde "Frankfort, Senekal, Riversdal, Potgietersrus," na die woord "landdrosdistrikte" in die woordomskrywing van "distrik B" in te voeg;

(c) die volgende woordomskrywing na die woordomskrywing van "distrik B" in te voeg:—

"(16a) 'distrik C' die landdrosdistrikte Bloemfontein en Pretoria; (22a)";

(d) die woorde "Riversdal, Bethlehem," na die woord "landdrosdistrikte" in die woordomskrywing van "gebied A" in te voeg;

(e) die woord "Potgietersrus," na die woord "landdrosdistrikte" in die woordomskrywing van "gebied B" in te voeg;

(f) die woorde "Frankfort, Senekal," na die woord "landdrosdistrikte" in die woordomskrywing van "gebied C" in te voeg;

(g) die volgende woordomskrywings na die woordomskrywing van "gebied D" in te voeg:—

(i) "(26a) 'gebied E' die landdrosdistrik Bloemfontein; (5a)";

(ii) "(26b) 'gebied F' die landdrosdistrik Pretoria; (5b)".

3. Deur in klousule 3 (1) (a) (ii) die volgende in te voeg:—

	"*In gebied E per week* R	*In gebied F per week* R
Ketelbediener	7.13	8.05
Onderbaas	7.36	8.28
Werknemer, graad I, ongekwalifiseerd—		
gedurende die eerste drie maande onderwinding	8.51	9.43
gedurende die tweede drie maande onderwinding	8.97	9.89
gedurende die derde drie maande onderwinding	9.66	10.58
Werknemer, graad I, gekwalifiseerd	10.12	11.04
Werknemer, graad II, ongekwalifiseerd—		
gedurende die eerste drie maande onderwinding	8.51	9.43
gedurende die tweede drie maande onderwinding	8.97	9.89
Werknemer, graad II, gekwalifiseerd	9.66	10.58
Werknemer, graad III, ongekwalifiseerd	7.13	8.05
Werknemer, graad III, gekwalifiseerd	7.59	8.51
Werknemer, graad IV, man	6.90	7.82
Werknemer, graad IV, vrou	5.52	6.21
Arbeider, man, 18 jaar of ouer	6.67	7.59
Arbeider, man, onder 18 jaar	5.06	5.75
Arbeider, vrou	5.29	5.98
Wag	7.13	8.05"

SCHEDULE

Wage Determination 301 for the Condensed Milk and Other Milk Products Industry, Certain Areas, is hereby amended as follows:—

IN THE AFRIKAANS VERSION

1. In clause 1—

(a) insert the word "Riversdal," after the word "landdrosdistrikte" under "Kaapprovinsie";

(b) insert the words "Bethlehem, Bloemfontein, Frankfort, Senekal," after the word "landdrosdistrikte" under "Oranje-Vrystaat"; and

(c) insert the words "Potgietersrus, Pretoria," after the word "landdrosdistrikte" under "Transvaal".

2. In clause 2 (a)—

(a) insert the word "Bethlehem" after the word "landdrosdistrikte" in the definition of "distrik A";

(b) insert the words "Frankfort, Senekal, Riversdal, Potgietersrus," after the word "landdrosdistrikte" in the definition of "distrik B";

(c) insert the following definition after the definition of "distrik B":—

"(16a) 'distrik C' die landdrosdistrikte Bloemfontein en Pretoria; (22a)";

(d) insert the words "Riversdal, Bethlehem," after the word "landdrosdistrikte" in the definition of "gebied A";

(e) insert the word "Potgietersrus," after the word "landdrosdistrikte" in the definition of "gebied B";

(f) insert the words "Frankfort, Senekal," after the word "landdrosdistrikte" in the definition of "gebied C";

(g) insert the following definitions after the definition of "gebied D":—

(i) "(26a) 'gebied E' die landdrosdistrik Bloemfontein; (5a)";

(ii) "(26b) 'gebied F' die landdrosdistrik Pretoria; (5b)".

3. In clause 3 (1) (a) (ii) insert the following:—

	"*In gebied E per week* R	*In gebied F per week* R
Ketelbediener	7.13	8.05
Onderbaas	7.36	8.28
Werknemer, graad I, ongekwalifiseerd—		
gedurende die eerste drie maande onderwinding	8.51	9.43
gedurende die tweede drie maande onderwinding	8.97	9.89
gedurende die derde drie maande onderwinding	9.66	10.58
Werknemer, graad I, gekwalifiseerd	10.12	11.04
Werknemer, graad II, ongekwalifiseerd—		
gedurende die eerste drie maande onderwinding	8.51	9.43
gedurende die tweede drie maande onderwinding	8.97	9.89
Werknemer, graad II, gekwalifiseerd	9.66	10.58
Werknemer, graad III, ongekwalifiseerd	7.13	8.05
Werknemer, graad III, gekwalifiseerd	7.59	8.51
Werknemer, graad IV, man	6.90	7.82
Werknemer, graad IV, vrou	5.52	6.21
Arbeider, man, 18 jaar of ouer	6.67	7.59
Arbeider, man, onder 18 jaar	5.06	5.75
Arbeider, vrou	5.29	5.98
Wag	7.13	8.05"

4. Deur in klousule 5 (9) (a) die woord "en" waar dit die laaste maal voorkom, deur 'n komma te vervang en die woorde "en R200 per maand in distrik C" na die uitdrukking "distrik B" in te voeg.

IN DIE ENGELSE TEKS

1. Deur in klousule 1—

(a) die woord "Riversdale," na die woorde "Magisterial Districts of" onder "Cape Province" in te voeg;

(b) die woorde "Bethlehem, Bloemfontein, Frankfort, Senekal," na die woorde "Magisterial Districts of" onder "Orange Free State" in te voeg;

(c) die woorde "Potgietersrus, Pretoria," na die woorde "Magisterial Districts of" onder "Transvaal" in te voeg.

2. Deur in klousule 2 (a)—

(a) die woord "Bethlehem," na die woorde "Magisterial Districts of" in die woordomskrywing van "district A" in te voeg;

(b) die woorde "Frankfort, Senekal, Riversdale, Potgietersrus," na die woorde "Magisterial Districts of" in die woordomskrywing van "district B" in te voeg;

(c) die volgende woordomskrywing na die woordomskrywing van "district B" in te voeg: —

"(22a) 'district C' means the Magisterial Districts of Bloemfontein and Pretoria; (16a)";

(d) die woorde "Riversdale, Bethlehem," na die woorde "Magisterial Districts of" in die woordomskrywing van "area A" in te voeg;

(e) die woord "Potgietersrus," na die woorde "Magisterial Districts of" in die woordomskrywing van "area B" in te voeg;

(f) die woorde "Frankfort, Senekal," na die woorde "Magisterial Districts of" in die woordomskrywing van "area C" in te voeg;

(g) die volgende woordomskrywings na die woordomskrywing van "area D" in te voeg: —

(i) "(5a) 'area E' means the Magisterial District of Bloemfontein; (26a)";

(ii) "(5b) 'area F' means the Magisterial District of Pretoria; (26b)".

3. Deur in klousule 3 (1) (a) (ii) die volgende in te voeg: —

	"In area E per week R	*In area F per week* R
Boiler attendant	7.13	8.05
Chargehand	7.36	8.28
Grade I employee, unqualified—		
during the first three months' experience	8.51	9.43
during the second three months' experience	8.97	9.89
during the third three months' experience	9.66	10.58
Grade I employee, qualified	10.12	11.04
Grade II employee, unqualified—		
during the first three months' experience	8.51	9.43
during the second three months' experience	8.97	9.89
Grade II employee, qualified	9.66	10.58
Grade III employee, unqualified	7.13	8.05
Grade III employee, qualified	7.59	8.51
Grade IV employee, male	6.90	7.82
Grade IV employee, female	5.52	6.21
Labourer, male, 18 years of age or over	6.67	7.59
Labourer, male, under 18 years of age	5.06	5.75
Labourer, female	5.29	5.98
Watchman	7.13	8.05"

4. Deur in klousule 5 (9) (a) die woord "and" waar dit die laaste maal voorkom, deur 'n komma te vervang en die woorde "and R200 per month in district C" na die uitdrukking "district B" in te voeg.

4. In clause 5 (9) (a) substitute a comma for the word "en" where it appears for the last time and insert the words "en R200 per maand in distrik C" after the expression "distrik B".

IN THE ENGLISH VERSION

1. In clause 1—

(a) insert the word "Riversdale," after the words "Magisterial Districts of" under "Cape Province";

(b) insert the words "Bethlehem, Bloemfontein, Frankfort, Senekal," after the words "Magisterial Districts of" under "Orange Free State";

(c) insert the words "Potgietersrus, Pretoria," after the words "Magisterial Districts of" under "Transvaal".

2. In clause 2 (a)—

(a) insert the word "Bethlehem," after the words "Magisterial Districts of" in the definition of "district A";

(b) insert the words "Frankfort, Senekal, Riversdale, Potgietersrus," after the words "Magisterial Districts of" in the definition of "district B";

(c) insert the following definition after the definition of "district B": —

"(22a) 'district C' means the Magisterial Districts of Bloemfontein and Pretoria; (16a)";

(d) insert the words "Riversdale, Bethlehem," after the words "Magisterial Districts of" in the definition of "area A";

(e) insert the word "Potgietersrus," after the words "Magisterial Districts of" in the definition of "area B";

(f) insert the words "Frankfort, Senekal," after the words "Magisterial Districts of" in the definition of "area C";

(g) insert the following definitions after the definition of "area D": —

(i) "(5a) 'area E' means the Magisterial District of Bloemfontein; (26a)";

(ii) "(5b) 'area F' means the Magisterial District of Pretoria; (26b)".

3. In clause 3 (1) (a) (ii) insert the following: —

	"In area E per week R	*In area F per week* R
Boiler attendant	7.13	8.05
Chargehand	7.36	8.28
Grade I employee, unqualified—		
during the first three months' experience	8.51	9.43
during the second three months' experience	8.97	9.89
during the third three months' experience	9.66	10.58
Grade I employee, qualified	10.12	11.04
Grade II employee, unqualified—		
during the first three months' experience	8.51	9.43
during the second three months' experience	8.97	9.89
Grade II employee, qualified	9.66	10.58
Grade III employee, unqualified	7.13	8.05
Grade III employee, qualified	7.59	8.51
Grade IV employee, male	6.90	7.82
Grade IV employee, female	5.52	6.21
Labourer, male, 18 years of age or over	6.67	7.59
Labourer, male, under 18 years of age	5.06	5.75
Labourer, female	5.29	5.98
Watchman	7.13	8.05"

4. In clause 5 (9) (a), substitute a comma for the word "and" where it appears the last time, and insert the words "and R200 per month in district C" after the expression "district B".

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. 3085 15 Augustus 1969

BEPALING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE BASOTHOSTAM EN INSTELLING VAN DIE BASOTHO-STAMOWERHEID, DISTRIK IMPENDLE

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 5 (1) (a) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), die grense van die gebied van die Basotho-stam te bepaal ooreenkomstig bygaande Bylae;

(2) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), ten opsigte van voornoemde stam onder kaptein Lawrence Molife en ten opsigte van die gebied soos omskryf in voornoemde Bylae 'n stamowerheid in te stel wat bekend sal staan as die Basotho-stamowerheid; en

(3) artikel 3 (1) (a) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede 1951, te bepaal dat die stamowerheid, benewens die kaptein van genoemde stam, uit hoogstens 12 raadsmanne moet bestaan.

Lêer F53/1295/1

BYLAE

Gebied van die Basotho-stam onder kaptein Lawrence Molife en die Basotho-stamowerheid, distrik Impendle.

Die Suid-Afrikaanse Bantoetrust plase:—

Buchlands A,
Kilkenny,
Greenhill,
N.E. 2,
G.R. 19, en
Westlynn 2.

No. 3086 15 Augustus 1969

TSHIDI BAROLONG-STAMOWERHEID DISTRIK MAFEKING

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), om Goewermentskennisgewing 860 van 20 Junie 1958 te wysig ooreenkomstig bygaande Bylae.

F53/1401/3

BYLAE

Vervang die woorde "Tshidi Barolong-stamowerheid" en "Tshidi Barolong-stam" deur die woorde "Barolong boo Ratshidi-stamowerheid" en "Barolong boo Ratshidi-stam" waar dit ookal mag voorkom in die Goewermentskennisgewing en die opskrif daarvan.

No. 3087 15 Augustus 1969

MOTSEWAKHUMO-STAMOWERHEID, DISTRIK MAFEKING

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), Goewermentskennisgewing 982 van 5 Julie 1957 te wysig ooreenkomstig bygaande Bylae. F53/1401/1

BYLAE

Vervang die woorde "Motsewakhumo-stamowerheid", waar dit voorkom in die Goewermentskennisgewing en die opskrif daartoe deur die woorde "Barolong ba ga Makgobi-stamowerheid".

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. 3085 15 August 1969

DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE BASOTHO TRIBE AND ESTABLISHMENT OF THE BASOTHO TRIBAL AUTHORITY IMPENDLE DISTRICT

The State President has been pleased, in terms of—

(1) section 5 (1) (a) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), to define the boundaries of the Basotho Tribe in accordance with the accompanying Schedule;

(2) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), to establish a tribal authority in respect of the aforesaid tribe under Chief Lawrence Molife and in respect of the area as defined in the aforesaid Schedule, to be known as the Basotho Tribal Authority; and

(3) section 3 (1) (a) of the said Bantu Authority Act, 1951, to determine that the Tribal Authority shall, in addition to the Chief of the said Tribe, consist of not more than 12 councillors.

File F53/1295/1

SCHEDULE

Area of the Basotho Tribe under Chief Lawrence Molife and the Basotho Tribal Authority, Impendle District.

The South African Bantu Trust Farms:—

Buchlands A,
Kilkenny,
Greenhill,
N.E. 2,
G.R. 19, and
Westlynn 2.

No. 3086 15 August 1969

TSHIDI BAROLONG TRIBAL AUTHORITY MAFEKING DISTRICT

The State President has been pleased, in terms of section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), to amend Government Notice 860, dated 20 June 1958, in accordance with the accompanying Schedule.

F53/1401/3

SCHEDULE

Substitute the words "Barolong boo Ratshidi" for the words "Tshidi Barolong" wherever they appear in the Government Notice and the heading thereto.

No. 3087 15 August 1969

MOTSEWAKHUMO TRIBAL AUTHORITY.— MAFEKING DISTRICT

The State President has been pleased in terms of section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act 68 of 1951), to approve of the amendment of Government Notice 982, dated 5 July 1957, in accordance with the accompanying Schedule. F53/1401/1

SCHEDULE

Substitute the words "Barolong ba ga Makgobi" for the words "Motsewakhumo" where they appear in the Government Notice and the heading thereto.

No. 3088 15 Augustus 1969

TSHIDI-MOLEFE-BAROLONG-STAMOWERHEID, DISTRIK MAFEKING

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing 1879 van 6 Desember 1957 ooreenkomstig bygaande Bylae.

F53/1401/2

BYLAE

Vervang die woorde "Barolong-stam" en "Tshidi-Molefe-Barolong-stamowerheid" waar dit ookal voorkom in die Goewermentskennisgewing en die opskrif daartoe deur die woorde "Barolong Kwa Mosita-stam" en "Barolong Kwa Mosita-stamowerheid" onderskeidelik.

No. 3089 15 Augustus 1969

DIE VERANDERING VAN DIE GRENSE VAN DIE MOLETSI-STAMOWERHEID IN DIE DISTRIK PIETERSBURG

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet 68 van 1951), en artikel 5 (1) (a) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing 295 van 18 Februarie 1955 ooreenkomstig bygaande Bylae.

F53/1525/2

BYLAE

Vervang die Bylae deur die volgende Bylae:—

"BYLAE

(i) *Lokasie.*—Moletzielokasie.

